Verwysing: 20180327-806
12/16/8/P
Navrae: N Fouche

Kaapse Onderwys- en Leierskapinstituutminuut: 0001/2018

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde van subdirektorate en afdelings by Hoofkantoor, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Prinsipale van openbare skole

**Onderwerp: Kursusse vir onderwyserontwikkeling in Skeppende Kunste en Liggaamsopvoeding vanaf 23 Julie tot 03 Augustus 2018**

1. Die Kaapse Onderwys- en Leierskapinstituut (KOLI), in samewerking met die Direktoraat: Algemene Onderwys en Opleiding (AOO), bied twee kursusse in Skeppende Kunste (Intermediêre Fase) en Liggaamsopvoeding (Intermediêre en Senior Fase) onderwysers aan. Hierdie kursusse sal gedurende die Julie 2018-skoolkwartaal plaasvind.

2. Distriksvakadviseurs sal onderwysers identifiseer om die kursusse by te woon wat by die KOLI in Kuilsrivier aangebied sal word.

3. Onderwysers wat vir hierdie kursusse geïdentifiseer is, moet via die KOLI-webwerf by www.wcedctli.co.za aansluit (die aanteken- en registrasieproses word in Bylae A uiteengesit).

4. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), sal aflosonderwysers in diens neem vir die duur van die kursusse wat gedurende die skoolkwartale deur gevestigde onderwysers by die KOLI bygewoon word, met dien verstande dat:
   - daar geen botallige onderwyser by die skool is nie;
   - die gevestigde onderwyser nie 'n onderwyser is wat deur die beheerliggaam betaal word nie; en
   - die gevestigde onderwyser nie reeds 'n ander onderwyser by die skool aflos nie.

5. Dit is die skool se verantwoordelikheid om 'n geskikte aflosonderwyser, vir die onderwyser wat die kursus bywoon, te vind en te benoem.

6. Kontak asseblief die volgende vakadviseurs by die onderskeie distrikskantore indien u meer inligting oor hierdie kursusse verlang:

**Skeppende Kunste:**

| Distrik | Vakadviseur | Kontak-nommer | E-posadres |
|---|---|---|---|
| Metro-Noord | Malefo Makena (AOO-koördineerder) | 021 938 3104 | Malefo.Makena@westerncape.gov.za |
| Metro-Sentraal | Betsie Strydom | 021 514 6762 | Betsie.Strydom@westerncape.gov.za |
| Metro-Suid | Natasha Esbach | 021 370 2272 | Natasha.Esbach@westerncape.gov.za |
| Metro-Oos | Michelle Petersen | 021 900 7048 | Michelle.Petersen@westerncape.gov.za |
| Weskus | Deon Burger | 021 860 1200 | Deon.Burger2@westerncape.gov.za |
| Kaapse Wynland | Cantél Ross | 023 348 4618 | Cantel.Ross@westerncape.gov.za |
| Overberg | Margie Clarke | 028 214 7372 | Margie.Clarke@westerncape.gov.za |
| Eden en Sentrale Karoo | Phillip Jaftha | 044 279 1681 | Phillip.Jaftha@westerncape.gov.za |

Kontak asseblief me Anina Lundie, die senior kurrikulumbeplanner vir Skeppende Kunste te Hoofkantoor, by tel. 021 467 2016 of sel. 083 707 2193, indien u meer inligting verlang.

**Liggaamsopvoeding:**

| Distrik | Vakadviseur | Kontaknommer |
|---|---|---|
| Metro-Noord | Johrita Hanekom | 082 858 5147 |
| Metro-Sentraal | Ivan Fortuine | 083 704 2572 |
| Metro-Suid | Fairoez Cassiem | 071 528 8807 |
| Metro-Oos | Euria Hendrickse<br>Michelle Petersen | 083 320 8510<br>072 865 8888 |
| Weskus | Colin Green<br>Neliswa Maxam | 079 953 1832<br>084 587 5907 |
| Kaapse Wynland | Eurica Beukes<br>Cantél Ross | 082 341 3420<br>082 899 5239 |
| Overberg | Edith Wynne-Trollip<br>Margie Clarke | 076 561 1971<br>084 800 0029 |
| Eden en Sentrale Karoo | Marjorie Holand<br>Graham Fourie | 076 158 0447<br>060 740 4465 |

7. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle graad 4- tot 6-onderwysers vir Skeppende Kunste en Liggaamsopvoeding te bring.

**GETEKEN:** PAD BEETS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2018-04-10

**Bylae A**

## KOLI SE AANLYN AANTEKEN- EN REGISTRASIEPROSES

1. **Geregistreerde gebruikers** kan op die **"Sign in"**-skakel op die tuisblad klik by www.wcedctli.co.za en aanteken deur 'n gebruikersnaam/e-posadres en wagwoord te gebruik, om vir hierdie kursusse in te skryf.

2. **Nuwe gebruikers** kan soos volg registreer:

2.1 Klik op die **"Register here"**-skakel wat u dan na die "Sign in" of "Register here"-blad sal neem.

2.2 Die volgende velde moet ingevul word:

- Gebruikersnaam: skep u gebruikersnaam wat u elke keer sal gebruik om op die KOLI-webwerf aan te meld.
- Geldige/aktiewe e-posadres: voer u aktiewe en geldige e-posadres in. Indien u nie 'n aktiewe e-posadres het nie, moet u een skep voordat u verder kan gaan. 'n E-posadres word vir kommunikasiedoeleindes benodig.
- Wagwoord: voer u wagwoord in of skep 'n wagwoord.
- Bevestig u wagwoord.
- Bevestig dat u 'n menslike besoeker is deur die woord wat in die blokkie verskyn, te tik. Dit is om rekenaargegenereerde snuffelarypogings te voorkom.
- Klik op **"Create a new account"**.

2.3 Sodra u op "Create a new account" geklik het, sal die volgende skerm verskyn: **"Let's confirm your email address"**.

2.4 Maak u e-pos oop en bevestig u e-posrekening deur die instruksies wat aan u oor u rekeningbesonderhede gestuur is, te volg. Klik die eerste skakel in die boodskap wat u na die **"Edit your profile"**-blad sal neem.

2.5 Skep u volledige profiel deur u **"Personal and Work Information"** te voltooi.

2.6 Klik dan op **"Submit"**. U persoonlike profiel sal dan op die stelsel bygewerk word.

2.7 Sodra u die profiel geskep het, kan u die Skeppende Kunste- en Liggaamsopvoedingkursusse wat deur KOLI aangebied word, besigtig en **aansoek** doen om die kursus wat u geïdentifiseer is om by te woon.

2.8 **“Submit”** dan u aansoek. Maak asseblief seker dat die aansoek korrek ingedien word. U sal 'n e-pos ontvang wat bevestig dat u aansoek ontvang is – indien u nie hierdie bevestiging ontvang nie, beteken dit dat u aansoek nie suksesvol ingedien is nie.

2.9 U aansoek sal deur die distriksamptenare hersien en deur die distriksdirekteur goedgekeur of afgekeur word. 'n Finale besluit sal slegs deur die KOLI-programkoördineerder geneem word nadat die distrik dit afgeteken het.

3. U sal regdeur hierdie proses e-posse ontvang om u van die status van u aansoek in te lig. U kan ook aanlyn aanteken om die status van u aansoek op die geskiedenisblad te besigtig.

4. Alhoewel hierdie instruksies ingewikkeld mag voorkom, is die stelsel juis ontwerp om gebruikersvriendelik te wees met stapsgewyse instruksies. Indien u egter hulp benodig, kan u met **me Phelokazi Tutani** in verbinding tree by tel. **021 900 5024** of via e-pos by **phelokazi.tutani@westerncape.gov.za**.

5. Elke kursus op die stelsel sal 'n venstertydperk vir aansoeke aandui. U word dus aangeraai om slegs tydens die voorgeskrewe venstertydperk vir 'n spesifieke kursus aansoek te doen.